

Donderdag 15 April

Skrifgedeelte: Filippense 2:12-18

Fokusgedeelte: Filippense 2:15b-16a

Word volwasse

'n Kind word volwasse as hy self begin verantwoordelikheid neem vir sy lewe. So is dit ook met geloof. Iemand vra 'n wyse geloofsvader hoe mens weet 'n dominee is 'n goeie dominee. “Jy sien dit as hy weggaan”, sê die mentor. “As die gemeente aanhou in hulle geloof groei en toegewy aan God lewe, dan het hy hulle toegerus om volwasse te wees.”

Dit was Paulus se patroon. Hy het verskeie gemeentes geplant, plaaslike leiers toegerus. En hy het hulle agtergelaat om in afhanklikheid van die Gees Jesus te volg. Hy was byvoorbeeld maar drie weke in Tessalonika, en sjoe, die getuienis oor die gemeente (1 Tess. 1:2 ev.)! Hy groet die ouderlinge in Efese (Hand. 20:32): “... nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade ...”

Ook hier in Filippi moedig hy soos 'n wyse pa die gelowiges aan om “hulle eie heil uit te werk” (2:12). Dis ongesond as hulle op hom bly vertrou om oor hulle toesig te hou. Word volwasse, neem self verantwoordelikheid vir julle verhouding met die Here (vgl. ook 1:27).

Hy gee twee riglyne:

- Deur sy Gees maak God julle gewillig en bekwaam, volg Hom nougeset (2:12-14).
- Hou die lig – die boodskap van lewe in Jesus Christus – in aksie. Dra dit die donker wêreld in. Praat dit. Leef dit (2:15-16).

O, die blydschap van 'n leier om sy volgelinge aan die Gees van God oor te gee! *Moenie my volg nie, volg Jesus.* En die blydschap van volgelinge as hulle die dag sê: *Baie, baie dankie dat jy my geleer het om Jesus te volg, ek vertrou Hom om my te lei.*

Gebed: Here, ek wil U volg.

Sing: Psalm 1-1:1, 2

Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)